**Moses en die volk as tipe van Jesus en die gelowiges (OP171)**

**Eks 17:8-18:27**

**21 April 2024**

Laasweek het ons gekyk na drie insidente tydens die volk se trek vanaf die Rietsee na die berg Sinai. Ons het eerstens gekyk na die Here wat by Mara die bitter water soet gemaak het deurdat Moses 'n stuk hout of 'n boom in die water moes gooi. Ons het daaroor besin dat die Nuwe Testament ons help om te verstaan dit beteken gelowiges sal gereeld van die lewende water moet drink wat werklik dors kan les, en Jesus is daardie lewende water. Hierna het die Here vir die volk gesê Hy verwag dat hulle gehoorsaam aan Sy gebooie moet leef. Tweedens het ons gekyk na die feit dat die Here aan die volk in die Sinwoestyn kwartels en manna gegee het om te eet as 'n toets om te bepaal of hulle wel gehoorsaam sal wees aan Sy opdragte oor hoe hulle die manna moes eet. Die volk het ongelukkig nie die toets geslaag nie. Die Nuwe Testament het ons geleer die manna was 'n teken van Jesus, wat die ware brood is wat gelowiges gereeld moet eet. Derdens het ons gekyk na die gebeure by Refidim, waar die Here aan die volk water uit die rots gegee het, nadat Moses die rots moes slaan, terwyl die Here self op die rots gestaan het. Uit die Nuwe Testament het ons gesien dat Jesus die Rots is, en dat Hy geslaan moes word vir elke ongehoorsaamheid van die volk, asook vir elke ongehoorsaamheid van elke gelowige – daarsonder is daar nie toegang tot die lewende water wat werklik die dors van gelowiges kan les nie. Al hierdie gebeure het plaasgevind terwyl die volk nog op pad was na Sinai – dit het as voorbereiding gedien vir die gebeure by Sinai, waar die Here nie net Sy wet aan Sy volk sou gee nie, maar ook al die voorskrifte vir die tabernakeldiens en offerdiens, waardeur die volk versoening moes soek by die Here vir hulle ongehoorsaamheid.

Vandag wil ek stilstaan by nog twee insidente wat vir ons beskryf word in Eks 17-18, voor ons by die Sinaigebeure kom vanaf Eks 19 en verder. Hierdie twee insidente is die oorlog van die volk teen die Amalekiete (Eks 17:8-16), en Jetro se besoek aan Moses en die volk (Eks 18:1-27). In hierdie insidente leer ons van verdere verantwoordelikhede wat die Here vir die volk gegee het, asook van hoe die Here hulle hierin sou bystaan.

Onthou nou wat ons alreeds gesien het sedert die Rietsee-gebeure: Die volk en ons as gelowiges moet gereeld van die lewende water drink, en van die ware brood eet wat die Here uit die hemel gee. Die volk, en ons as gelowiges, moet gehoorsaam wees aan die voorskrifte en wette van die Here. Ons kan egter verwag dat ons as gelowiges ook van tyd tot tyd nie gehoorsaam sal wees nie, soos die volk destyds. Maar dan moet daar vir hierdie ongehoorsaamheid versoening gedoen word deur die Rots wat geslaan moes word – en die Rots is Jesus. Hierdie feit dat Jesus geslaan moet word vir ons ongehoorsaamheid, verwys natuurlik na Jesus se Hoëpriesterlike werk toe Hy vir ons sondes aan die kruis gesterf het. Met dit in gedagte, kom ons kyk nou na die volgende twee insidente op pad na Sinai:

<u>Oorlog van die volk teen die Amalekiete (Eks 17:8-16)</u>

In vers 8 lees ons dat hierdie gebeure ook by Refidim afspeel – dus ook waar die Here water uit die rots gegee het. Ons lees dat die Amalekiete gekom het om teen Israel te veg. Die Amalekiete was 'n volk wat suid van die beloofde land in die omgewing van Kades gewoon het – d.w.s. in die noordelike gedeelte van die Negev woestyn.

In Gen 36:12 lees ons van Amalek se herkoms: Ons lees daar dat Amalek, wat die voorvader was van die Amalekiete, die seun was van Elifas en Timna, sy byvrou. Elifas was op sy beurt 'n seun van Esau. Amalek was dus 'n kleinseun van Esau, en Esau was natuurlik Jakob se broer. Verder was Jakob en

Esau die kleinseuns van Abraham. Die punt is: die Amalekiete was uit die nageslag van Esau, terwyl Esau die kleinseun was van Abraham. Ons sou kon aanneem dat die Amalekiete ten minste bewus moes wees van die beloftes van die Here aan Abraham. Ons sou verwag dat die Amalekiete insig moes hê in die feit dat die volk Israel, wat die nageslag is van hulle voorvader Esau se broer, op pad was na die beloofde land Kanaän, soos wat die Here aan Abraham beloof het. Die feit dat die volk tans in die woestyngebied is waar die Amalekiete woon, beteken nie dat die volk hulle daar wil vestig nie. Nee, hulle is net op pad deur die woestyn. Die volk het dus nie werklik 'n bedreiging vir die Amalekiete ingehou nie. Trouens, uit Gen 12:3 was daar selfs die belofte dat hulle vir ander volke, soos die Amalekiete, tot seën sou wees. Ondanks dit alles, trek die Amalekiete steeds uit teen die volk. Die Amalekiete het dus die geopenbaarde plan van die Here met Sy volk geminag. In Deut 25:17-19 lees ons wat die Amalekiete gedoen het: hulle het die lede van die volk wat tydens hulle trek agter geraak het van die res van die volk, neergevel – dit is die lede van die volk wat moeg was en uitgeput geraak het. En dit alles het getoon dat hulle geen vrees vir God gehad het nie – trouens hulle val Sy volk aan.

Vers 9 beskryf dat Moses toe vir Josua die opdrag gegee het om manne uit die volk uit te soek om teen die Amalekiete te gaan veg. Ons ken Josua: Hy was uit die Efraimstam, hy sou later een van die verspieders wees wat die land gaan verken het, en hy sou ook later by Moses oorneem as leier van die volk en hulle in die beloofde land inlei. Die opdrag aan Josua was dat hy saam met die volk teen die Amalekiete moes veg, terwyl Moses, Aäron en Hur teen die heuwel sou opklim. Moses sou sy staf in sy hand hou (v10). Terloops, dit is nie presies duidelik wie Hur was nie: Josephus was oortuig hy was Miriam se man – maar dit is nie duidelik of dit waar is of nie.

Die geveg het die volgende dag plaasgevind. Vers 11 verduidelik dat wanneer Moses sy hand omhoog gehou het, het Israel die geveg oorheers, maar wanneer hy sy hand laat sak het om te rus, het die Amalekiete die geveg oorheers. Toe Moses se hande later moeg geword het, het Aäron en Hur hom gehelp om op 'n klip te gaan sit, en hulle het sy hande gestut, sodat hy dit die heeltyd omhoog kon hou – totdat die son ondergegaan het. Moses se hand wat in die lug gehou is, was waarskynlik 'n appèl of gebed aan die Here dat Hy vir die volk sal veg. Die gevolg was dat Josua die Amalekiete oorwin het – miskien moet ons eerder sê dat Moses se optrede hulle die geveg laat wen het.

Vers 14 verduidelik dat die Here vir Moses gesê het om in 'n boekrol neer te skryf wat hier gebeur het – dit moes dien as 'n blywende herinnering aan hierdie gebeure. Terloops, hierdie is een van verskeie plekke in die Pentateug waar die Here spesifiek die opdrag gegee het dat gebeure neergeskryf moes word – want dit was belangrik, en die Here wou dat selfs ons vandag hiervan kennis moet neem. Veral Josua moes hiervan kennis neem. Die Here wou ook hê dat daar neergeskryf moes word dat Hy beslis Amalek se naam onder die hemel gaan uitwis. Hierdie onderneming van die Here het nie gou plaasgevind nie: In 1 Sam 15 lees ons dat Saul die Amalekiete verslaan het, maar hy het hulle nie met die banvloek getref soos wat die Here gesê het nie – hy het Agag, die Amalekietiese koning, se lewe gespaar, en ook van hulle vee. Dit het aanleiding gegee tot Saul se verwerping as koning. Aan die begin van 2 Sam lees ons dat Dawid steeds teen die Amalekiete oorlog gevoer het. En in Ester 3:1 lees ons dat Haman 'n Agagiet was – wat moontlik beteken dat hy 'n Amalekiet was (Agag was die koning van die Amalekiete).

Vers 15 sluit die gebeure af, met Moses wat 'n altaar bou en dit noem: "Die Here is my banier", en ook dat die Here oorlog sal voer teen Amalek van geslag tot geslag – soos wat ons gesien het in die Ou Testamentiese geskiedenis gebeur het.

Kom ons besin nou oor die betekenis van hierdie gebeure: In die vorige drie insidente sedert die volk van die Rietsee af vertrek het op pad na Sinai toe, was die rolspelers telkens die volk, Moses en die Here. Die fokus het geval op die verhouding wat die volk met die Here moes hê deurdat hulle die water moes drink en die brood moes eet wat Hy vir hulle gee, terwyl hulle gehoorsaam aan Sy wette en voorskrifte moes leef. En verder het hulle ongehoorsaamheid tot gevolg gehad dat die Rots geslaan moes word, voor hulle verdere toegang tot die water kon kry.

In die huidige insident is daar egter nog 'n rolspeler wat na vore kom: die Amalekiete. Hierdie Amalekiete is nie deel van die volk nie – trouens hulle is vyandig teenoor die volk. Direk herinner dit ons weer aan die uitspraak van die Here dat daar vyandskap sal wees tussen die nageslag van die vrou en die nageslag van die duiwel. Hierdie vyandiggesinde buitestanders kom veg teen die volk. En die Here verwag van die volk dat hulle moet toetree tot die geveg – Josua en die volk moet teen die Amalekiete veg. Hier is nog 'n rede waarom die volk moes eet en drink van die brood en water wat die Here vir hulle gegee het: nie net moes hulle die energie wat hulle daaruit put, gebruik om gehoorsaam aan Sy wet te leef nie, nee, hulle moes ook deelneem aan 'n oorlog teen die Amalekiete. Let op: die Here het éérs die water en die brood gegee, en daarna moes hulle gaan veg.

Maar dit was nie net Josua en die volk wat moes veg nie – nee, Moses was 'n kardinaal belangrike deel van die geveg al het hy op die berg gesit, oënskynlik buite die geveg. Ons sien dit, want as Moses se hande in die lug was, het die volk gewen, en as hy sy hande laat sak, het die volk verloor. Alhoewel die volk geveg het, is die uitslag van die stryd grotendeels bepaal deur wat op die berg gebeur het. Ja, die volk moes veg – maar as Moses na die Here roep, dan wen hulle. En as Moses nie roep nie, dan verloor hulle, al veg hulle. Moses is as't ware deel van die geveg, al is hy op die berg. En Moses se bydrae het 'n groter effek as die geveg van Josua en die volk – alhoewel hulle moes veg.

Wat ons moet raaksien, is dat Moses in hierdie gebeure weereens 'n tipe is van die Here Jesus. Ja, in die water-uit-die-rots gebeure by Refidim, het ons insae gekry in die Hoëpriesterlike werk van die Here Jesus, as Hy geslaan word vir die oortredings van die volk en ons. Maar in hierdie oorlog teen die Amalekiete, ook by Refidim, sien ons Moses as 'n tipe van Jesus se werk as Koning. Lees saam met my Ps 2:1-4. Hier lees ons van die konings van die aarde wat stelling inneem teen die Here en Sy Gesalfde – die Amalekiete se koning is een van hierdie konings, wat stelling inneem teen Moses as leier van die volk. Vers 4 sê die Heer wat in die hemel sit lag en spot met hulle – sien jy waar word die stryd eintlik gevoer? – in die hemel. Sien jy die prentjie van Moses op die berg met sy hande in die lug, waar die uitslag van die stryd eintlik bepaal word? Vers 9 beskryf hoe die Gesalfde van die Here hulle sal verpletter met 'n ystersepter, hulle sal stukkend slaan – soos wat die Here beloof het wel eventueel die geval sal wees met die Amalekiete.

Met Jesus se hemelvaart sê Hy aan Sy dissipels: "Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde". En toe gaan sit Hy aan die regterhand van God. In Op 5 in daardie hemelse troonvisioen wat Johannes gesien het, sien Johannes die Here Jesus is ook daar: Enersyds beskryf Johannes Hom as die Lam wat geslag is – dit is die rots wat geslaan is by Refidim; en andersyds beskryf hy Hom as die Leeu uit die stam van Juda, die wortel van Dawid wat oorwin het – dit is Moses op die berg betrokke in die stryd. Ons lees dit is hierdie Leeu en Lam wat die boekrol uit die Vader se hand gaan neem, en dan die seëls daarvan oopmaak. Ons weet die oopmaak van die seëls is 'n beskrywing van die wêreldgeskiedenis tot met Sy wederkoms. Hy is die Een wat in beheer is daarvan. Ja, die wêreldgeskiedenis gaan gekenmerk word deur stryd – dis 'n stryd teen die duiwel, die dier uit die see en die dier uit die aarde (gaan lees maar Op 13). Maar, Jesus, as Opperkoning, as die Een wat alle mag besit, as die Een wat die seëls oopmaak, is ook die Een wat eventueel die duiwel, die dier uit die see en die dier uit die aarde sal oorwin. Hy sal dit doen, selfs al is Hy oënskynlik nie hier nie. Soos wat Moses se optrede op die berg die stryd teen die Amalekiete bepaal het, bepaal Jesus op die troon

aan die regterhand van die Vader wat in die stryd hier op aarde gebeur. En die finale uitslag is duidelik: die Amalekiete sal verslaan word – so ook die duiwel, asook die diere uit die see en die aarde en al hulle aanhangers.

Maar let op: Josua en die volk moes veg. En dit is wat die Here ook van gelowiges verwag: hulle is nie maar net toeskouers wat eenkant sit en kyk na die geveg nie – hulle is deel van die geveg. Ja, die uitslag van elke veldslag in die geveg word in die hemel bepaal, maar gelowiges moet deel wees van die geveg. Die Here verwag dit van ons – en Hy het alreeds aan ons lewende water en die brood uit die hemel gegee om ons te voed vir die stryd.

<u>Jetro se besoek (Eks 18:1-27)</u>

In Eks 18 lees ons dat Jetro Moses en die volk kom besoek het. Kan ek jou herinner aan wie Jetro was: Jetro was Moses se skoonpa, Sippora se pa. Hy was priester in Midian. Dit is by hom wat Moses gaan woon het gedurende daardie 40 jaar wat hy in Midian was nadat hy die Egiptenaar doodgeslaan het, totdat die Here Moses uit die brandende doringbos geroep het Eks 2:18, 21, 3:1). Ons lees Jetro het vir Sippora en hulle twee seuns Gersom en Eliëser saamgebring. Dit is nie duidelik op watter stadium Moses vir Sippora en die seuns terug gestuur het na Jetro toe nie – sommiges spekuleer dat dit moontlik gebeur het na die gebeure in Eks 4:24-26 toe die Here Moses wou doodmaak, en Sippora ingegryp het en hulle seun besny het – maar ons weet nie met sekerheid nie.

Ons lees in vers 5 dat hierdie ontmoeting by die berg van God plaasgevind het – die berg van God is natuurlik Sinai of Horeb. Daar word baie gespekuleer of Eks 18 werklik chronologies inpas na Eks 17 en voor Eks 19, siende dat dit blyk dat die volk eers in Eks 19 by Sinai aankom terwyl Eks 18 ook by Sinai afspeel. Sommiges redeneer dat die gebeure eers later gebeur het, maar dat dit hier beskryf word omdat die inhoud pas by die voorafgaande gebeure – soos wat ek hoop om netnou te beskryf. Dit lyk vir my daar is argumente weerskante toe, en ek gaan dit nie in diepte bespreek nie. Ek wil eerder fokus op wat ek glo die Here hierdeur aan ons wil openbaar.

In verse 7-12 lees ons van die ontmoeting tussen Moses en sy skoonpa, en hoe hy aan Jetro vertel van al die goeie dinge wat die Here aan die volk gedoen het in Egipte, en ook sedertdien. Ons lees dat Jetro verheug was om dit alles te hoor, en dat hy gesê het die Here moet daarom geprys word, en dat hy nou weet dat die Here groter is as al die ander gode. Weereens is daar baie spekulasie of dit sou beteken dat Jetro hier tot geloof gekom het. Of het hy dalk al vantevore gedurende die 40 jaar wat Moses by hom gebly het in Midian al tot geloof gekom, en is sy geloof net hier versterk deur al die dinge wat hy gehoor het. Ek dink nie ons weet regtig nie.

Ek wil eerder fokus op die gebeure wat in verse 13-27 beskryf word. Weer 'n keer lees ons dat dit die gebeure was wat op die volgende dag plaasgevind het. Ons lees dat Moses op hierdie dag gaan sit het om as regter op te tree. Dit het die heeldag geduur – vanaf die oggend tot die aand – ons moet dus aflei daar was baie sake wat aandag moes kry, en daarom het dit die heeldag geduur (v13). Jetro se reaksie hierop was dat hy vir Moses gevra het hoekom Moses alleen sit as regter, veral siende dat dit die gevolg het dat van die mense die heeldag moet wag voordat Moses aan hulle saak aandag gee (v14). Moses se verweer was dat die mense na hom toe kom om God te raadpleeg. Dit blyk dat daar geskille ontstaan het tussen verskillende lede van die volk oor allerhande dinge. Die verskillende partye in 'n saak het dan na Moses toe gekom om uitsluitsel te gee oor wie reg en wie verkeerd is. Moses het dan die saak besleg deur die wette en voorskrifte van die Here te gebruik om reg te spreek. Moses se argument was dus dat hy alleen toegang tot die Here gehad het, of ten minste dat hy alleen insae in die Here se wette en voorskrifte gehad het, en daarom moes hy al die sake hanteer (v15-16).

Jetro het egter nie met Moses saamgestem nie. Hy kon sien dit is te uitputtend: Dit is enersyds te uitputtend vir Moses omdat hy elke saak moet hanteer, en dit is andersyds te uitputtend vir die volk omdat hulle die heeldag moet wag voor hulle saak hanteer word. Jetro redeneer gevolglik dat Moses nie kan volhou om dit alles alleen te doen nie v17-18). Jetro se voorstel is die volgende:

- Moses moet voortgaan om vir die volk by God in te tree. Hy moet voortgaan om die volk te waarsku oor die Here se vaste voorskrifte en wette, en hy moet hulle inlig oor wat dit beteken in terme van hoe hulle moet leef en wat hulle moet doen. Moses moet dus voortgaan om die volk te leer wat die Here wil – hy moet die volk voorkomend leer, wat aanleiding kan gee daartoe dat daar minder sake is wat verhoor moet word (v19-20).
- Verder moet Moses ook onder die volk sekere manne identifiseer wat hy kan aanstel as aanvoerders oor 1000, 10, 50 en 10. Die idee is dat hierdie manne dan die ligter en eenvoudiger sake kan hanteer, en dat Moses dus vrygestel kan word van hierdie werk. Die feit dat daar nou verskeie persone is wat hierdie tipe sake kan hanteer, sal ook die tyd wat die volk moet wag om uitsluitsel oor 'n saak te kry, verkort sal word. Natuurlik moet hierdie manne die regte manne wees: hulle moet bekwaam wees (hulle moet dus goeie oordeel hê om reg te kan oordeel), hulle moet betroubaar wees, hulle moet ontsag hê vir God, en hulle moet 'n weersin hê in oneerlike wins (v21-23)
- Moses moet ook steeds verantwoordelik wees om die groter sakke te hanteer, wat hy dan voor die Here moet uitklaar (v22).

In verse 24-26 lees ons dat Moses na sy skoonpa geluister het, en dat hy hierdie voorstel geïmplementeer het soos wat Jetro voorgestel het.

Kom ons besin nou oor die betekenis van hierdie gebeure: Die eerste punt om raak te sien is dat die Here bekend wou maak dat Moses en die volk kon verwag dat daar van tyd tot tyd onderlinge geskille gaan wees. Onthou nou die groter prentjie: Tydens die bitter-water-gebeure by Mara, tydens die gee van die manna in die Sinwoestyn, en tydens die water-uit-die-rots gebeure by Refidim was die fokus dat elke lid van die volk as't ware as individue moes toesien dat hulle van die lewende water en ware brood drink en eet. Tydens die Amalekiete-oorlog by Refidim moes hulle leer dit gaan nie net oor elkeen self nie, daar is ook 'n rol om te vervul teenoor mense buite die volk. En nou met Jetro se besoek word dit duidelik daar is ook interaksie onderling tussen lede van die volk – daar kan interne geskille ontstaan wat hanteer moet word.

Die tweede punt om raak te sien is dat hierdie geskille opgeklaar moet word deurdat die wil van God gesoek moet word. Deeglike inagneming van die wette en voorskrifte van die Here moet die basis wees waarop hierdie sake besleg word. Vir hierdie doel moet die wil van die Here gesoek word, soos wat Moses gedoen het, maar dit moet ook aan die volk geleer word, soos wat Jetro aan Moses aanbeveel het. Boonop leer ons Moses het 'n groot verantwoordelikheid hierin gehad, maar hy het ook hierdie verantwoordelikheid gedeel deurdat hy aanvoerders oor 1000, 100, 50 en 10 aangestel het.

Let nou verder op: Met die water-uit-die-rots gebeure het ons 'n tipe van die Here Jesus gesien in Sy Hoëpriesterlike rol, en met die oorlog teen die Amalekiete het ons in Moses 'n tipe gesien van die Here Jesus in Sy Koninklike rol. Hier met Jetro se besoek sien ons in Moses 'n tipe van die Here Jesus in Sy Profetiese rol. Moses was voortdurend voor die Here om Sy wil te verstaan sodat hy dit aan die volk kon bekend maak – dit is die rol van 'n profeet om die wil van die Here bekend te maak. Jesus is die Ware Profeet. Lees Joh 17:6-8. Hier bid Jesus en sê dat Hy die Naam van die Vader bekend gemaak het aan die mense wat die Vader vir Hom gegee het. Ons lees hierdie mense het die woord van die Here gehoorsaam. Hierdie woord is die woord wat die Vader aan die Here Jesus gegee het,

en wat Hy weer aan Sy dissipels gegee het – soos Moses wat die wil van die Here gesoek het, en dit dan aan die volk gegee het.

Maar Jetro het ook aan Moses voorgestel dat hy nie alles alleen kon doen nie. Hy moes deel van die bekendmaking van die wil van die Here toevertrou aan bekwame manne. Die Here Jesus doen dieselfde. Met Sy hemelvaart het Hy Sy dissipels uitgestuur om mense te gaan leer, dus om 'n profetiese rol te vervul waardeur hulle die wil van die Here bekend moet maak. Maar in Joh 14:26 het die Here Jesus aan hulle beloof dat die Vader aan hulle die Heilige Gees sal gee wat hulle sal onderrig in alles wat Jesus hulle geleer het sodat hulle bekwaam kan wees om ander te gaan leer. Moses het bekwame, betroubare, Godvresende manne gebruik wat nie gierig was nie. In Hand 6:2-4 leer ons hoedat die apostels diakens aangewys het sodat hulle kon fokus op gebed en die bediening van die woord, d.w.s. die bekendmaking van God se wil. Ons lees hierdie diakens moes van goeie getuienis wees, vol van die Gees en wysheid. Netso beskryf Paulus in 1 Tim 3:1-4 die vereistes waaraan opsieners in die gemeente moet voldoen: hulle moet onberispelik wees, 'n man met net een vrou, beheersd, verstandig, goed gemanierd, gasvry, in staat om onderrig te gee, inskiklik, vredeliewend en nie geldgierig nie. Ek glo die ooreenkoms met Jetro se aanbeveling van bekwame, betroubare, Godvresende manne wat nie gierig is nie, is duidelik.

<u>Samevatting</u>

Kan ek probeer saamvat:

- Tydens die water-uit-die-rots gebeure by Refidim is die fokus op die innerlike worsteling binne elke gelowige. Elke gelowige moet streef na gehoorsaamheid aan die Here se voorskrifte en wette, en elke gelowige het behoefte aan versoening omdat elke gelowige van tyd tot tyd in sonde val. Hulle het nood aan die rots wat in hulle plek geslaan moet word, sodat hulle toegang tot die lewende water kan behou. Dit is 'n tipe van die Here Jesus in Sy Hoëpriesterlike rol, wat as die ware Paaslam sterf vir elke ongehoorsaamheid van elke gelowige. Gelowiges het 'n verantwoordelikheid om die lewende water en die ware brood te eet om te kan vorder in hulle stryd teen ongehoorsaamheid.
- Tydens die stryd met die Amalekiete ook by Refidim is die fokus op stryd wat gelowiges het met die duiwel en die wêreld. Gelowiges staan nie buite die stryd nie – nee, hulle moet deelneem aan die stryd. Maar, genadiglik, is hulle nie alleen in die stryd nie. Nee, Moses op die berg is 'n tipe van die Here Jesus in Sy Koninklike rol. Hy sit in die hemel as die Opperkoning, Hy het alle mag, Hy beheer die geveg, Hy sal verseker dat die duiwel en al sy aanhangers oorwin sal word.
- Tydens Jetro se besoek by die berg van die Here is die fokus op stryd wat gelowiges ook onderling met ander gelowiges mag hê. Hierdie stryd moet gekenmerk word deur die feit dat hulle saam soek na die wil van die Here. Moses, wat gesoek het na die wil van die Here om te kan regspreek in hierdie geskille, is 'n tipe van die Here Jesus in Sy Profetiese rol. Dit is Jesus as Profeet wat die woorde van die Vader aan ons kom bekend maak het. Dit is die Heilige Gees wat gekom het om ons te herinner aan die woorde van Jesus. En so kan ons die wil van die Here verstaan, en dit ook bekend maak aan ander. Gelowiges, en veral kerkleiers, moet hierop fokus.

Gedurende die trek vanaf Egipte tot by Sinai het die Here aan die volk bekend gemaak hulle het behoefte om die wil van die Here te verstaan – wel, by Sinai sal die Here aan hulle Sy wette en voorskrifte gee – dan het hulle toegang tot die wil van die Here. Die Here het ook op pad na Sinai aan hulle bekend gemaak hulle het behoefte aan 'n Hoëpriester – wel, die rol van die hoëpriester sal duidelik geleer word in die Sinaiverbond wat op die punt staan om gesluit te word – en uiteindelik is

Jesus die Ware Hoëpriester na Wie dit alles wys. Die Here het ook op pad na Sinai aan hulle bekend gemaak hulle het behoefte aan 'n Koning in hulle stryd in die wêreld – wel, die rol van die koning sal later duidelik geleer word in die verbond met Dawid – en uiteindelik is Jesus die Opperkoning na Wie dit alles wys. Die Here het ook oppad na Sinai aan hulle bekend gemaak hulle het behoefte aan 'n Profeet om hulle die wil van die Here te leer – wel, die rol van die profeet sal in die Sinaiverbond ook duideliker word wanneer Moses as profeet gereeld die wil van die Here soek, so is daar ook baie profete wat sal volg in die res van die Ou Testament – en uiteindelik is Jesus die Ware Profeet na Wie dit alles wys en wat werklik aan ons die wil van die Vader kom leer.

Die verlossingsplan van die Here is eenvoudig verstommend. Netso verstommend is die Here se openbaarmaking van hierdie plan aan ons. Die minste wat ons kan doen is om ons in hierdie plan in te grawe, sodat ons dit behoorlik kan begryp. Mag die Here ons hierin help en lei.